## 10. GRENDELTYD WHATSAPP KINDERKERK LES:

## Sodom word verwoes – Genesis 19:1-29

Nadat die engele met Abraham gepraat het, het hulle verder gegaan na Sodom toe waar hulle vir Lot, 'n familielid van Abraham, in die stadspoort kry sit. Hy nooi hulle toe om by hom te kom eet.

"Jy moet jou familie uit hierdie stad uit wegkry," het die engele Lot gewaarsku.

"Ons gaan die stad en almal daarin uitwis omdat hulle so sondig is. Jy moet gou maak!" Lot het toe met die mans wat met sy twee dogters wou trou, gaan praat, maar hulle het gedink hy speel en wou nie weggaan uit Sodom nie. "Vat dan jou vrou en dogters en kom weg," het die engele gesê.

Lot het nog nie verstaan dat hulle moet gou maak nie, toe vat die engele hulle aan die hand en lei hulle uit die stad uit.

"Hardloop nou!" het hulle gesê. "Hardloop tot by die berge en moenie omkyk nie."

"Asseblief, moenie ons na die berge toe stuur nie," het Lot gevra. "Laat ons asseblief in die dorpie Soar gaan bly." Die engele het dit toe toegelaat en Lot en sy familie het teen sonop in Soar aangekom. Toe stuur God swael en vuur om Sodom en Gomorra uit te wis oor die sonde van die mense.

Lot se vrou was ongehoorsaam aan God, en het omgekyk terwyl sy vlug. Toe verander sy in 'n soutpilaar.

Maar God het vir Lot veilig bewaar.

Verhaal geneem uit:Gunsteling Bybelverhale vir kinders, bl34-35, V. Gilbert Beers en Ronald A. Beers

## 10. Sodom word verwoes – Genesis 19:1-29

**Inleidende aktiwiteit:**

Gee vir elkeen 'n lang stuk vislyn of dun tou wat hulle moet knoop en verstrengel.

Wanneer dit lyk asof dit goed verstrengel is, laat elkeeen probeer om hulle tou/lyn nou weer mooi te kry sonder knope, want jy wil die tou/lyn later gebruik.

**Vra:** Hoe lank dink julle sal dit vat vir julle om die tou/lyn weer reg te kry? Dink julle dit sal net beter vir my wees om nuwe tou/lyn te koop?

Daar was twee stede in die Bybel wie se mense aanhou sonde doen het. Hulle was omtrent net so in die sonde vasgeknoop en gekoek soos hierdie tou/lyn. Raai wat was hierdie stede se name? Sodom en Gomorra.

Lees nou saam die Bybelstuk – Sodom word verwoes

**Vrae:**

1. Hoekom het God vir Sodom en Gomorra verwoes? (Hulle sonde was baie groot gewees)
2. Hoe het God vir Sodom en Gomorra verwoes? (Met swael en vuur uit die hemel uit.)
3. Wie is gesê om te vlug uit die stad uit? (Lot en sy familie.)
4. Wat het met Lot se vrou gebeur omdat sy omgekyk het? (Sy het in 'n soutpilaar verander.)

**Aktiwiteit:** Gooi 'n kombers/laken op die grond aan een kant van die vertrek. Een persoon is Lot en gaan sit op die kombers/laken. Die ander lede van die gesin is die Engele. Die Engele trek Lot na veiligheid deur die kombers/laken vas te vat en te sleep na die oorkant van die vertrek. Julle kan nou 'n ander Lot kies om te gaan sit en dan trek die Engele daardie Lot weer na die oorkant van die vertrek. Julle kan aanhou speel totdat elkeen 'n beurt gehad het om Lot te wees of totdat julle moeg raak.

**Vraag:**

- Hoe dink julle voel God oor sonde?

**Gebedsgids:**

- Vra vir God om jou te help om te doen wat reg is.
- Bid vir mense wat nog nie hulle harte vir Jesus gegee het nie.